

Wolraad Woltemade

J.F. Marais



Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die vriendelike
samenwerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein

(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

WOLRAAD WOLTEMADE

'n dramaloog wat deur onderwyser en kinders aangepas kan word

deur J.F. Marais

opgeneem in
Wolraad Woltemade en ander eenbedrywe

– 1967/1990 –

Opvoerrechte:

AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief
(akda.co.za)

Kontak AKDA (sien tuisblad of e-pos: leanawel4@gmail.com)

Wolraad Woltemade

VERTELLER: Ons stel nou aan u voor die skipbreuk van die Oos-Indiëvaarder, De Jonge Thomas, aan die mond van die Zoutrivier in Tafelbaai, en die heldedaad van Wolraad Woltemade. (*Dodemars, Chopin, 15 sekondes, dan na agtergrond.*)

VROUESTEM: Die dinge wat die mens sien, is tydelik; die dinge wat die mens nie sien nie, is ewig. (*Dodemars, 10 sekondes, oor na "In a summer garden", Delius, na 5 sekondes na agtergrond.*)

HY (*rustig*): Nog nooit het ek hom so stil gesien nie.

SY (*rustig, half peinsend*): Dit lyk of hy versteen is.

HY: Net die kleure van die water skuif van die een strand na die ander.

SY: En ver teen Robbeneiland lê die wit lyn teen die rotsstrand.

HY: Die kleure gly in die diepte van die see soos die wit wolke oor die blou hemel gly.

SY: Dis stil.

HY: Stiller as wat ek dit al ooit gesien het.

SY: Daar is nie 'n blaar wat roer in die bome voor ons nie.

HY: Dit is die tyd, sê hulle, wanneer die seedrenkelinge rus. Die geeste van dié wat in die storm gesterf het, rus wanneer die see rus.

SY: En wanneer daar nie 'n blaar aan die bome langs die baai roer nie.

HY: Rus, ja, rus. Is dit daarom dat ons arbeien en stry – om te kan rus?

SY: Nee, dis om die doen-ontwil dat ons doen, om die arbeidontwil dat ons arbeien.

HY: En sterf ons dan om te kan rus?

SY: Ons sterf omdat die dinge wat ons hier doen, tydelik is en ons daarna dinge doen wat ewig is.

(*Wegsterwende musiek.*)

HY (*na 'n kort pouse*): Die mense op wie se lippe die bare die doodskus gedruk het, rus as die seemeeue nie meer skreeu om die nood en die smart van die see nie.

SY (*langsaam*): Hulle sê dat die seemeeue die geeste is van die mense wat deur die bare aan hulle boesem gedruk is. Hulle sterf nooit nie; hulle huil as die storm kom . . .

(*Agtergrond: Geskreeu van seemeeue, dan storm op see. Na 15 sekondes na agtergrond.*)

VOLGENDE TONEEL: IN 'N VERTREK

WOLRAAD WOLTEMADE: Hy stoot maar ordentlik skerp op uit die noordweste.

MEVROU WOLTEMADE (*nog in die bed*): Het jy gisteraand die kanon gehoor, Wolraad?

WOLRAAD: Nee, hoekom?

MEVROU: Ja, ek het geweet jy slaap te vas daarvoor. Ek het my die hele nag gelê en bekommer oor die wind wat so verskriklik te kere gaan.

WOLRAAD: Ek het dit gister al gesien opsteek.

MEVROU: Maar vannag te vas geslaap om dit te hoor. Julle mans gaan darem ook gerus deur die lewe. Ek ys as ek dink aan die klomp skepe wat daar in die wind en weer op see lê.

WOLRAAD: Wat sal die bekommernis nou baat? Is Johannes al op? Hy moet half-nege by die Kasteel wees. Elke oggend is dit weer dieselfde ding.

MEVROU: Laat die kind maar nog slaap, Wolraad. Hy is nog so jonk. Jy woel hom glad te vroeg soggens uit die bed.

WOLRAAD: Ja, as ek al die koeie klaar gemelk het! Toe ek so jonk was, moes ek stalle skoonmaak lank voor die son soggens sy kop wys. Ek het nooit tyd gehad om soldaat te speel nie. Ek moes werk.

MEVROU: Het jy vir Johannes darem ook 'n bietjie koffie gegee, Wolraad?

WOLRAAD: Natuurlik nie. Ai Lisa het seker. (*Sug*): Nee, ek betreur dit dat ek nou my hele lewe lank niks gedoen het nie – nou ja, niks wat eintlik die moeite werd is nie.

MEVROU: Dis sonde om altyd so ontevrede te wees. Die Bybel sê 'n mens moet jou seëninge tel en dankbaar wees.

JOHANNES (*rug na mikrofoon*): Pa! Pa!

MEVROU: Kom in, Johannes.

WOLRAAD: O, dan is hy darem al op.

JOHANNES (*gesig na mikrofoon, haastig*): Ma, luitenant Brits het laat weet dat ek voor agt al by die Kasteel moet wees. Ek gaan nou sommer dadelik.

MEVROU: Maar, kind, jy het dan niks geëet nie.

WOLRAAD: Wat skort nou weer by die Kasteel?

JOHANNES: 'n Klomp van ons moet onder Brits die strand gaan bewaak. De Jonge Thomas het sy neus teen die grond gestamp en die lading begin al uitspoel. Ons moet die rakkers gaan wegkeer dat hulle dit nie wegdra nie.

MEVROU: Moet tog nie so ligsinnig wees nie, kind! Wat sê hulle? Sal die skip heeltemal vergaan?

WOLRAAD: Wat dink jy anders, Vrou, in hierdie noordewind?

JOHANNES: Nou ja, Ma, ek moet gaan. Ek is haastig.

MEVROU: Eet eers 'n stukkie. Ek sal gou opstaan en dit vir jou klaarmaak. Lisa is so stadig . . .

WOLRAAD: Toe maar, Vrou, ek sal later sy kos neem. Ek kan tog nie vandag die grond omspit nie. Ek kan dit neem as ons eers geëet het.

JOHANNES: Goed, Pa. Môre, Ma. Môre, Pa.

MEVROU: Môre, my kind. En pas tog vir jou op.

JOHANNES (*van ver*): Ja, Ma.

MEVROU: Dis gevaarlik as daar so 'n storm is.

WOLRAAD: Wat gevaarlik! By Houtbaai, ja. As die brander jou in die nok vang, sleep hy jou in, soos hy (*glimlaggend*) amper met my en die Wittenberg gemaak het . . .

MEVROU (*ernstig*): Jy het tog nie jou mal gehou en daar in die see gegaan toe die Wittenberg gestrand het nie?

WOLRAAD: Nee, Vrou, ek het maar net 'n tou probeer ingooi, maar ek is al te oud. As ek nog jonk was, ja – soos Johannes (*Amper opgewonde*): Ek het met die gewerskaf 'n bietjie diep ingeloop en die strand is taamlik steil bo waar die baai die draai maak, en toe ek nog so uithaal om te gooi, toe vat die een brander die nok bo en hy kry my van agter dat ek hande-viervoet in die soutwater ploeg. Dit was net so hittete . . .

(*Rukwind, vensters ratel.*)

MEVROU: Ja, jy het goed gesorg dat jy my toe niks daarvan vertel het nie. Jy is glad te onversigtig, Wolraad.

WOLRAAD: Nou ja, dis darem tog 'n aardigheid om 'n slag te vergeet dat jy 'n melkboer is. En buitendien, ek het mos die tou gehad. Dit was agter aan 'n rots vas. Maar ek sê jou, ek moes daardie tou net goed beetpak, want die water suig daar letterlik . . .

MEVROU: En toe het jy die hele dag so met die nat klere geloop?

WOLRAAD: Ag, ek het buitendien natgereën. Ek sou maar in elk geval nat gewees het. As jy die mense so hoor skreeu, Vrou, (*kopskuddend*): ek weet nie.

MEVROU: Wat praat ons nou aanhoudend van sulke nare dinge?

WOLRAAD: Nee, vir my is dit glad nie naar nie. As die weer so omgekrap is en die reën slaan so teen die ruite, dan voel ek sommer lekker. Ek hou baie meer van die kwaai weer as van die son. Dit gee jou weer lewe. Toe ek nog kind was, het ek altyd buitekant gaan staan as die eerste groot donderweerdruppels val.

MEVROU: Ja, dis 'n wonder dat jy nie al 'n swak bors het van al die onversigtigheid nie. Kom ons gaan eet. Dan kan jy Johannes se kos ook strand toe gaan neem. Die arme kind daar in die verskriklike weer en wind.

WOLRAAD: Ek sal oom Jacob se perd vra om mee strand toe te ry. Ou Staljoen sal hou van 'n bietjie kwaai weer. As oom Jacob op hom sit, loop hy met sy kop op die grond, maar onder my pronk hy soos die Goewerneur se beste ryperd.

TONEEL: AAN BOORD IN STORM

(Wind deur mas en tou, slag van golwe, af en toe so hard dat stemme onhoorbaar is. Na 15 sekondes na agtergrond.)

KAPTEIN: Na bakboord, man! Na bakboord, sê ek!

STUURMAN: Die agterstewe lig, Kaptein. Die kiel sit nie meer daar vas nie. Dis nie meer moontlik om hom te kring nie.

KAPTEIN: Is die agterstewe al uit die sand? Dan moet ons hom windop draai.

STUURMAN: Die voorstewe sit te vas in die sand. Hy sal draai en die branding sal hom vol in die sy vang.

VROU: Die water stroom onder in. Kaptein, die water stroom onder in.

KAPTEIN: Ja, Mevrouw, dit beteken vir ons almal ten beste 'n skandelijke ontslag en ten slegste die dood.

VROU: En ek is van alles die oorsaak? As ons maar liever nooit hier aangekom het nie . . .

KAPTEIN: Gryp vas, Mevrouw, gryp vas! *(Golf tref skip en raas oor die dek.)*

VROU: Help! Help! Ek gaan verdrink!

STUURMAN: Hou vas, Mevrouw. Ek sal jou opruk!

KAPTEIN *(maak hande bak, skree)*: Gerritsz! Die kiste ook oorboord! Die kiste! – Ja, alles oorboord!

VROU: En my dogters? Ek moet gaan kyk na my dogters! Hulle het seker verdrink. Het ek so 'n beproewing verdien?

KAPTEIN: Kan jy mense op die strand sien? *(Bevel)*: Kanon!

STUURMAN: Daar is seker mense, maar die seesproei slaan te sterk op.

TONEEL: OP STRAND

(*Seemeeue, branding. Gesprek begin na 7 sekondes.*)

LUITENANT BRITS: Daar! Staan op, man! Ons is hier om die strand te bewaak, nie om 'n piekniek daarvan te maak nie.

(*Naby*): Die goewerneur kom weldra self kyk of ons nie die uitgespoelde goed laat wegdra nie.

JOHANNES: Ja, Meneer!

BRITS: Gaan haal daardie kis!

JOHANNES: Ja, Meneer!

BRITS: Gaan jy saam.

SOLDAAT: Ja, Meneer.

JOHANNES: Mag, die water is seker deksels koud. Kan jy die mense op De Jonge Thomas hoor skree?

SOLDAAT: Nee, dis nog nie so ver nie. Hulle vuur nog die kanon. Maar kyk net hoe skeef lê hy al.

JOHANNES: Ons luitenant sê dat die skip g'n reg gehad het om hierdie tyd van die jaar in Tafelba . . . Ai, ek het mos gesê die water is koud. Vat jy daardie kant (*Steun*): Hy is swaar, nè?

SOLDAAT (*steun*): Verbrands! Ek weet nie waarom ons hier werk moet doen nie. Dis mos nie 'n soldaat se werk nie. Waarvoor het hulle dan slawe . . .

JOHANNES: Los maar . . . een, twee, drie!

SOLDAAT: Dis slawe se werk . . . En wie kom dan hier so oop-en-toe aangelop op die wit perd?

JOHANNES: Waar? – O, dis Pa. Hy bring my agtuurkos. Hulle het my vanoggend so vroeg kom wakker maak; ek het nie meer as 'n uur geslaap nie.

SOLDAAT: Ons het nog gespeel toe hulle ons kom roep het. Ek het glad niks geslaap nie! – Môre, Meneer.

WOLRAAD: Môre. Hier is jou kos, Johannes.

JOHANNES: Dankie, Pa.

WOLRAAD: Het daar al baie goed uitgespoel?

SOLDAAT: 'n Paar kiste. Nog g'n drank nie.

WOLRAAD: Hulle maak dit nooit. Kyk, hy swaai nou al met sy sy na die wind se kant toe. As hy in die golfdal kom, is dit klaarpraat.

JOHANNES: Die ander drie daar onder sleep darem nog nie hulle ankers nie. Kyk net hoe slaan die branders oor die vaarder.

WOLRAAD: M^ôre, Luitenant.

BRITS: M^ôre. Wie is jy? Jy weet seker dat niemand hier op die strand toegelaat word nie?

JOHANNES: Dis my pa, Luitenant.

WOLRAAD: Ek het net die seun se kos kom bring. Dit lyk na 'n totale wrak, nie waar nie, Luitenant?

BRITS: Ja, De Jonge Thomas het net 'n dag te lank in die baai gelaai. Hy sal nie weer vaar nie.

WOLRAAD: En vir uitswem is daar vir die mense nie bra kans nie. Die branding is al genoeg om enige mens katswink te slaan. Is daar dan geen manier waarop ons hulle kan help nie – 'n kabeltou, byvoorbeeld?

BRITS: Nee, daarmee bemoei ek my geensins nie. My bevele is uitdruklik: ek moet die strand bewaak sodat die leeglopers hier in die omtrek nie die uitgespoelde goed wegdra nie. Ek bewaak net die lading, die mense moet maar ten beste die wal bereik.

WOLRAAD: Maar, Meneer, met soveel jong manne tot u beskikking? Hulle kan tog seker iets daaraan doen. As ek self jonger was ...

BRITS: Nee, Oubaas, daar is niks aan te doen nie. Daardie twee honderd mense sal moet boet vir die onverskilligheid om op hierdie tyd van die jaar in die baai te kom oorlê. Daar is tog uitdruklike bevele gegee dat geen vaarder in die najaar hier moet aandoen nie ...
(*Rukwind.*)

WOLRAAD: Kyk hoe kantel hy! Daardie maspaal gaan hom op sy sy in die water druk. Ons moet iets doen ...

(*Stormgeraas oorstem Woltemade.*)

TONEEL: NOU WEER AAN BOORD

(Klanke soos tevore, gekraak van skip; stemme net hoorbaar.)

STEMME: Help! Help! Ons vergaan! Help!

(Skip kraak, 'n mas breek en klap neer op die dek.)

VROU (*nou rasend van ontsteltenis*): Help! Kaptein, help! My dogter het oorboord geval. Lina!
Lina! Help! Help my!

KAPTEIN: Hou haar, Gerritsz. Hou haar, man, sy sal haar dogter nie weer sien nie.

VROU: Help!

DOGTER: Moeder! Moeder! Ek kan nie meer vashou nie! Help my, Moeder!

KAPTEIN: Ons is verlore, vriend.

STUURMAN: Dis gedaan. Ons sal almal binne 'n steenwerp van die strand sterwe.

KAPTEIN: Ons laaste kans is om oorboord te spring en te probeer uitswem.

VROU EN DOGTER: Help! Help! Help!

(Stemme oordreun deur storm; toneel verskuif na die strand – aangedui deur geskreeu van seemeeue.)

WOLRAAD: Ek kan die mense om hulp hoor roep. Hulle vergaan, mense, ons moet iets doen.
Laat een van jou manne inswem met 'n tou, Luitenant.

BRITS: Onsin, man. Hulle is soldate, nie matrose nie.

WOLRAAD: Maar dit is net 'n honderd tree, man. 'n Goeie swemmer met 'n tou sal kan deurkom.

JOHANNES: Nee, Pa. Dit is selfmoord.

WOLRAAD: As ek kon swem, sou ek dit self doen.

SOLDAAT: Dis gekheid, Meneer.

BRITS: Op julle pos, manne! Julle het werk om te doen.

WOLRAAD: Dan gaan ek met Staljoen in. Hy is 'n troue dier. Kom!

JOHANNES: Pa kan nie so iets doen nie. Pa sal nooit by die skip kom nie.

WOLRAAD: Ek gaan. Al bring ek net een uit, is dit beter as om hier te staan en kyk hoe ander mense sterwe. Hoor hoe roep hulle om hulp.

BRITS: Laat die gekheid, Woltemade. (*Skreeu*): Ek verbied jou om dit te doen.

JOHANNES: Pa sal omkom.

WOLRAAD (*van ver af*): Wat tel een lewe teen twee honderd? (*Perd gaan in water.*) Toe maar, Staljoen, stadig maar, my dier. Ons moet fyn, sekuur te werk gaan, anders gaan ons ook daarmee heen – soe! Maar so 'n see is kwaai, nè? Stadig maar, Staljoen, stadig maar. Ek kan die skip glad nie meer sien nie.

(*Weer aan boord; die storm word geleidelik erger. Woorde net hoorbaar.*)

VROU: Help! Help! Ag Here, sien ons in die uur van nood.

STEMME (*Mans*): Help! Kom help ons!

DOGTER: Mammie! Mammie! Ek gaan val! Mammie! Ek gaan val! Help! Help!

KAPTEIN: Almal wat kan swem, moet hulleself probeer red. Bring al die planke uit wat . . .
(*Golf tref skip*): julle kan kry . . .

VROU: Vader, help ons!

STUURMAN: Kaptein, hy is besig om aan die bakboord oop te bars. Ons sal moontlik op die wrakstukke kan uitswem.

VROU: Help! Help! Bewaar ons!

STUURMAN: Daar kom iemand in die water.

KAPTEIN: Dis 'n man te perd! Hulle kom ons help, Mevrouw, hulle kom ons help!

STUURMAN: Daar sink hy, daar sink hy, hy is weg.

KAPTEIN: Daar kom hy weer uit. Hy is baie nader. Hier Stuurman, hy is amper onder die boeg. Orde daar! Staan terug, manne, staan terug. Die vroue gaan eerste af.

VROU: Laat my dogters maar gaan. Ek gaan nie, ek het die ramp oor ons hoofde gebring.

(*Skip kraak.*)

STUURMAN (*aan kaptein*): Hy roep iets! (*aan Woltemade in die water*): Halloo! – Ja! – Kaptein, hy sê sy perd kan twee mense neem.

KAPTEIN: Twee van jou dogters, Mevrouw.

(Toneel weer die strand: seemeeue, branding, ens.)

JOHANNES: Pa is daar! Pa is daar! Daar spring twee mense af!

SOLDAAT: As daar meer afspring, verdink hy! Daar keer hulle die ander.

LUITENANT: Dis mos 'n vrou wat daar aan die maspaal vasklou.

SOLDAAT: Daar is 'n vrou met vier dogters op die skip.

LUITENANT: Dit wis ek nie.

SOLDAAT: Sy het haar man kom haal, daarom het die skip in die baai gewag en al die ...

JOHANNES: Hy kom terug! Daar is hy nou weg. Wag net. Hy sal nou weer uit ... Daar is hy bo-op die brander. Kyk daar!

SOLDAAT: Sy perd swem maklik met die drie mense uit.

JOHANNES: As hy uitkom, het hy darem minstens twee mense gered. Kom ons gaan hom uithelp. Ek het die dapperste vader in die land ...!

(Geluide hard, dan na agtergrond, net gehuil van wind bly oor.)

TONEEL: 'N VERTREK

MEVROU WOLTEMADE (*in haar huis*): Kyk hoe stroom die mense na die strand toe, Josef.

JOSEF: Ja, Nonna, Kyk, Nonna, kyk, daar kom iemand te perd uit die water uit.

MEVROU: Dis die baas, Josef. Dis die baas! Kyk, daar is die wit perd.

JOSEF: Dis Staljoen! Daar gaan hulle weer in. Die baas sal verdrink, Nonna.

MEVROU: Bly stil, Josef. (*Naby trane, maar manhaftig*): Ek gaan soontoe.

JOSEF: Nonna kan nie in hierdie weer uitgaan nie.

MEVROU: Ek gaan. Kan ek hier bly as die baas daar in die see omkom? Ek gaan, al moet ek kruip. Bring my mantel, Josef.

JOSEF: Ek sal Ali roep. Dan kan ons Nonna met die draagstoel neem.

MEVROU: Maak gou, Josef, maak gou! – Wolraad, dierbaarste, wat doen jy? Kan jy jouself nou gaan opoffer vir ander mense en my alleen hier laat bly?

JOSEF: Hier is Nonna se mantel, Nonna.

MEVROU: Josef, het die baas vir jou iets gesê daarvan dat hy met die perd in die see sal jaag?

JOSEF: Nee, Nonna, die baas het net gesê vanoggend vroeg ek moet baas Jacob se perd gaan haal, omdat die baas die kleinbaas se kos moet gaan wegbring.

MEVROU: Ek sien hom nie nou nie, Josef.

JOSEF: Nonna kan maar gerus wees; Staljoen is 'n voorste bosperd.

(*Op die strand: wind hard, seemeeue, storm.*)

JOHANNES: Ek sien hom nie nou nie.

SOLDAAT: Daar is hy! Die water het hom 'n bietjie uit sy koers gedrywe. Hy is skuins voor die voor.

BRITS: Ja, daar slaan die brander nou oor sy kop!

JOHANNES: Hy gaan verongeluk. Hy gaan . . . A, hy is weer bo. Hy kom nou sywaarts na die skip toe. Daar help die wind hom. Hoor net hoe skreeu die mense daar aan boord. Dis vreeslik om die dood so te sien. Aaklig.

BRITS: De Jonge Thomas sal dit nou nie meer lank kan uithou nie. Kyk, hy skeur al aan die bakboord.

(Aan boord: stemme nog minder hoorbaar as tevore.)

STEMME: Help! Help!

KAPTEIN: Manne, gehoorsaam die bevel! Julle is tog nie 'n klomp vrouens wat bang is vir die dood nie. Almal op 'n ry! *(Geskreue staak.)*

STUURMAN: Daar, jy ook, staan reg!

KAPTEIN *(skreeu)*: Die beurt is van die voorstewe. Elkeen wag op sy beurt, nie meer as twee spring af nie. Die man wat uit sy beurt afspring om aan die perd vas te hou, sal ek self doodsteek. Stuurman, trek uit jou dolk! *(Skip kraak.)*

STUURMAN: Die hele binneskip is nou vol water, Kaptein. Nog 'n uur en hy breek aan twee stukke.

KAPTEIN: Dit is die lewe, en dit is die dood.

(Branders spoel oor die dek.)

KAPTEIN: Ja, lank duur dit nie meer nie.

STUURMAN: Daar kom hy weer.

KAPTEIN: Daardie man stel ons in hierdie uur van nood 'n voorbeeld. Hy was al vyf maal hier, vyf maal die dood getrotseer om ons ontwil – Goddank dat al die vroue aan wal gebring is.

STUURMAN: Is daar niemand wat hom kan help nie?

(Juigkrete ver op die agtergrond.)

KAPTEIN: Die eerste twee bo se beurt! Spring!

(Storm harder, dan sagter, seemeeue vir toneel op strand.)

JOHANNES: Hy moenie weer gaan nie. Kyk hoe swaar kry die perd al om elke slag drie mense uit te sleep strand toe.

SOLDAAT: Help hom daar.

JOHANNES: Vader! Vader! Vader moenie weer ingaan nie!

BRITS: Bring uit die mense, manne. Julle sal die mense voor julle oë laat doodgaan.

WOLTEMADE *(uitgeput)*: Nog net een keer. Ek is gedaan en my ou perd nog meer.

SOLDAAT: Meneer, die see word al ontstuimiger. Dis sal jou dood beteken.

BRITS: Dis 'n gewisse dood, Woltemade.

WOLTEMADE: Johannes, sê jou moeder, as ek sterwe, dat ek gelukkig was. Kom, Staljoen, ons mag nie nou meer rus nie.

SOLDAAT: Hy gaan weer.

MEVROU WOLTEMADE (*van ver*): Wolraad! Wolraad! Ou man, wat doen jy?

JOHANNES: Hoekom is Ma ook hier?

MEVROU: Kan jy nie jou pa keer nie? Hy gaan verongeluk, my kind.

VROU: Hy het my en my dogters gered. Hy is die dapperste man . . .

MEVROU: Maar hy is myne. Ek sal hom nie aan vreemdelinge afgee nie. (*Gil*): Kyk daar, hy is onder. O . . .

JOHANNES: Dit is nie die eerste keer nie, Ma.

(*Aan boord: geluide soos tevore, nou ook donder.*)

KAPTEIN: Dis jou beurt, Stuurman. God behoede jou.

STUURMAN: Jy ook, Kaptein.

KAPTEIN: Ek sien jou seker nooit weer nie, want ons kan nie almal gered word nie. Vaarwel, vriend, en sê my vrou van my dood.

STUURMAN: Vaarwel, Meneer. As jy sterf, sal sy weet dit was op jou pos. Vaarwel!

KAPTEIN: Vaarwel, vriende. (*Bevel*): Staan terug daar! Staan terug! Net daardie man gaan af. Julle is tog seemanne! Ken julle dan geen tug nie?

(*Geluide hard, dan sagter; toneel op strand.*)

JOHANNES: Hy het gesê nog net hierdie keer.

MOEDER: Hy sal nie weer ingaan nie. Hy het al tien mense uitgebring.

MEVROU (*onderdruk histerie*): Ja, Wolraad is 'n dapper man. Sien u, Luitenant, hy is die dapperste man hier in die hele land. Hy is dapperder as al julle soldaatjies – Daar kom hy! Goddank! Die laaste maal!

VROU: Hy kom weer uit.

SOLDAAT: Hy moet nog net deur die branding kom. Kyk hoe swaar kry die perd. Hy haal dit amper nie.

BRITS: Die ander vier skepe begin ook nou die storm voel.

VROU: Sal daar nog strand? Hoe aaklig.

(Luide juigkrete.)

MEVROU: Hy is uit! Wolraad! Wolraad!

JOHANNES: Moenie in die water hardloop nie, Ma.

MEVROU: Wolraad! Hartlam, wat maak jy? Jy sal ons almal van angs laat omkom.

WOLRAAD: Neem jou ma uit die water uit, Johannes. Toe maar, Vrou, ek gaan nie weer nie. Ek is heeltemal gedaan.

SOLDAAT: Die laaste twee is heeltemal bewusteloos.

BRITS: Die see word nou by die minuut ontstuimiger.

WOLRAAD: Ja, die arme skepsels het nie die minste hoop nie.

MEVROU *(smekend)*: Jy gaan nie weer in nie, Wolraad. Ou man, kyk net hoe bewe jy van die koue. Kom ons gaan huis toe.

WOLRAAD: Daardie mense sal almal omkom en hier staan ons gerus en veilig.

VROU: Die angs van die dood is vreeslik.

SOLDAAT: Hoor hoe roep hulle om hulp. Hulle was nog altyd stil.

MEVROU: Laat ander ingaan. Staljoen kan nie meer gaan nie.

WOLRAAD: Hy is 'n troue dier. Hy gee nie om om sy lewe vir sy baas op te offer nie

JOHANNES: Die skip gaan kantel. Kyk hoe lig die brander hom op.

MEVROU: Wat doen jy, Wolraad? In hemelsnaam, ou man, waarheen gaan jy?

WOLRAAD: Ons sterwe net een maal. Ek moet gaan, Vrou. Ek het sestig jaar gewag om te doen wat ek nou doen.

MEVROU: Ou man! Ou man! Keer jou pa, Johannes!

JOHANNES: Pa sal omkom!

SOLDAAT: Dis die laaste keer. Dis die laaste keer.

(Agtergrond weer seemeeue.)

WOLTEMADE (*digby die mikrofoon*): Sestig jaar gewag om te doen wat ek nou doen. Kom maar, Staljoen, ons twee oues sal saam daardeur gaan as ons moet. Stadig, ou maat, wees maar kalm. Ons doen nou ook iets wat die moeite werd is.

(Storm bereik toppunt, aan boord geen woord meer verstaanbaar.)

KAPTEIN: In hemelsnaam, manne! Gedra julle soos mense. Julle sal almal verdrink as daar meer as een op die perd spring.

STEMME: Help! Help! Ek moet gaan! Gee pad! Dis my beurt! Help!

(Geluide oorstem die geroep; dan effens na agtergrond weer seemeeue.)

JOHANNES: Hulle spring almal af op die perd.

SOLDAAT: Daar sink hulle.

MEVROU: Wat gebeur, Johannes? Wat gebeur daar?

JOHANNES: Pa . . . Pa . . .

MEVROU: O, Here, U straf my swaar. Soveel het ek nie verdien nie. Ek het hom nie eens weer gesien nie.

VROU: Help, my seun, jou moeder het flou geword!

JOHANNES: Moedertjie, arme moedertjie!

BRITS: Sit haar maar hier neer. Ja, dit was die laaste rit.

VROU: As die dood jou eenmaal so naby gehad het, los hy jou nie weer nie.

(Geluide hard: Dodemars neem geleidelik en ongemerk die plek daarvan in: woorde na 15 sekondes teen die musiek.)

SY: Ja, die dood kan die voleinding ook wees van die lewe.

HY: Dan het ons werklik gelewe.

SY: En die laaste en grootste daad was die dood self.

HY: Dit is die rus en die vrede en dit is die nood en die smart van die lewe.

SY: Daarom is die see vandag versteen in stilte . . .

HY: En word hy môre soos die duisende engele van die dood wat alles kom verslind wat lewe.

(Musiek 15 sekondes hard.)

VROUESTEM: Die dinge wat die mens sien, is tydelik; die dinge wat die mens nie sien nie, is ewig.

(Musiek weer 10 sekondes, dan baie stadig uit.)

Aantekening van skrywer: Die geluide moet so geleidelik in krag toeneem dat die hoogtepunt daarvan saamval met die dramatiese klimaks. Die dodemars is die verwerking vir orkes deur Elgar, en die dialoog moet in alle gevalle so ingepas word dat die crescendogedeeltes altyd begin as die laaste woorde eindig.

AKDA

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief
(akda.co.za)



tuiste. trots. toekoms.



Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za